Preeknotas vir Vrydag 8 Augustus 2008.
Tema : Vrugdra

Johannes 15 "Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. [2]Elke loot aan My wat ***nie vrugte*** dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat ***vrugte*** dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer ***vrugte*** kan dra. [3]Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle gese het. [4]Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie. [5]"Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra ***baie vrugte***, want sonder My kan julle niks doen nie. [6]As iemand nie in My bly nie, word hy weggegooi so os 'n loot en hy verdroog. Die men se maak sulke lote bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand. [7]As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil he, en julle sal dit kry. [8]My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is.""Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief.

Inleidend: Ons gemeente visie: Meer en meer soos Jesus in karakter en in krag. (Gesindheid en gedrag). Die kern daarvan is in Joh 15 opgesluit. Joh 15: [1-5] verduidelik hoe God se vsie vir ons gemeente 'n werklikheid word.

1. **Wat is die vrugte waarvan Jesus hier praat**?
   - Gesindheid (karakter) - Vrug van die Gees
   - Gedrag (krag) - Goeie werke – Gawes van die Gees
2. **Waarom moet ons vrugdra**?
   - Dit maak jou lewe sinvol en doelgerig en vol betekenis
   - Dit verheerlik die Vader
   - Omdat Jesus ons so liefhet
   - Gebedsverhoring
3. **Hoe dra ons vrug**?
   - deur 'n proses van groei - van geen vrug na veel vrug
   - deur 'n proses van dissipline wanneer daar **blokkasie** of sonde is: Hebreers 12:5 ... My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; 6 want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem
   - deur 'n proses van snoei wanneer daar **stagnasie** is - prioritisering en fokus
   - deur in Jesus te bly - Wandel in die Gees. Vrugdra nie gekoppel aan kerk, ouderdom of geslag nie. Slegs "bly in Jesus"

Fases van 'n vrugdraende lewe			
Jesus op 'n afstand Lewe toon geen Vrug	**Groei na Jesus Lewe toon vrug**	**Naby Jesus Lewe toon meer vrug**	**Jesus in die sentrum Lewe toon veel vrug**
Hierdie persone het die eerste tree geneem op die weg van geestelike groei. Glo in Jesus maar leef ver van Hom.	Hierdie is gelowiges wat in hulle geloof begin groei deur kerklike ervarings en hulle begin ook die geestelike praktyke inkorporeer in hulle normale lewe buite die kerk. Hulle verhouding met Jesus raak sterker	Hierdie gelowiges is geestelik baie sterker as die vorige twee fases. Om te dien het nou al 'n belangrike manier geword om hulle geloof uit te druk. Hulle verhouding met die Here Jesus is baie naby maar hullle hou nog terug op volledige verbintenis	Hierdie mense het hulle lewens volledig aan Jesus oorgegee en dit word duidelik gesien in hulle gedrag en gesindheid. Hulle soek God se leiding in elke fasset van hulle lewe
Gesindheid en Gedrag (Karakter en krag)	**Gesindheid en Gedrag (Karakter en krag)**	**Gesindheid en Gedrag (Karakter en krag)**	**Gesindheid en Gedrag (Karakter en krag)**
Hulle betrek God nie in hulle daaglikse lewens nie. Beskou die Bybel as onbelangrik Benodig ander om te help met die verstaan van geestelike dinge Hulle soek God se leiding slegs in tye van nood Hulle dien nie in die gemeente nie.	Hulle ontdek geloof Hulle het ander nodig om hulle te help om geestelike sake te verstaan Hulle neem gewilliglik deel aan kleingroepe Sommige van hulle dien in die kerk Hulle lees die Bybel maar nie gereeld nie Karakter ontwikkeling begin	Die Bybel is dit wat hulle lewens beslag en rigting gee. Gebed is sentraal aan hulle lewens Hulle het nog nie alles oorgegee nie Kleingroepe so belangrik nie Geestelike vriende raak al hoe belangriker Hulle dien gereeld	Hulle het Jesus meer as enige iets lief. Gebed is vir hulle 'n konstante gesprek met die Vader Hulle help om ander te mentor Diens aan ander is vir hulle 'n manier van lewe
Behoefte	**Behoefte**	**Behoefte**	**Behoefte**
Geleenthede om met ander te connect	Kleingroep geleenthede Basiese pesrsoonlike geestelike praktyke	Diensgeleenthede Gevorderde geestelike dissiplines	Mentor geleenthede Wye verskeidnheid van diensgeleenthede